HOËRSKOOL BRACKENFELL | BRACKENFELL HIGH SCHOOL

BRAKKIE NEWS

Altiora Spero

NUUSBRIEF 4 – 2023 | NEWSLETTER 4 – 2023

SENIORRAAD VAN 2024

Van links na regs:

Onderhoofseun:	**Matthew Wyngaard**
Onderhoofmeisie:	**Micke Van der Westhuizen**
Hoofmeisie:	**Charmaine Van Wyk**
Hoofseun:	**Quade Engelbrecht**

Uit die Kaptein se kantoor

J.W. MULLER, SKOOLHOOF

Dear Brakkie family

Time flew this year – from beginning to end. Christmas and the festive season are just around the corner!

As I reflect on this year, my visit to the Kruger National Park in June was a personal highlight. As a Biology teacher, my heart beats faster with excitement when I think of it. Every time I visit the Kruger, I have a secret wish to see my favourite animal – the leopard. This year all my expectations in this regard were exceeded.

Although we always engage in wordplay referencing members of the canine species – we are Brakkies, after all – it is actually quite ironic that I have such an affection for the cat family. One cannot help but notice the humour of the situation: traditionally the cat is the dog's greatest adversary and our interschools opponents are the TIGERS!

As a matter of fact, I have noticed many similarities between our school, a nature reserve and a leopard.

For me the BIG 5 of a school consists of the governing body, the principal with his management team, the teachers and the support staff, our learners and, of course, the parents. If we, as the Big Five, join hands and co-operate, it is incredible what our school could achieve.

Why does the leopard fascinate me? The leopard possesses incredible power and speed – qualities we need to survive term after term. A school is probably one of the busiest institutions. Learners and teachers can definitely learn from the leopard: the strength and determination needed to keep up are unbelievable and can only be appreciated by those close enough to share the experience.

The success of the leopard is due to its ability to adapt to its circumstances. In education one also has to be adaptable to a changing world which is reflected here in our school environment.

Both teachers and learners also need the ability to adjust and overcome, as we always say here in Brakkieland. This is without a doubt one of the challenges of education. However, it keeps life interesting, preventing stagnation and inflexibility. If we reflect on this short - but extremely busy term, we can say that at times it felt as if an entire term's events took place in two weeks! The speed of this term would have intimidated even the most crafty leopard!

Within the first two weeks of the term, several important processes and functions took place.

We had a wonderful leadership camp with our RCL and Senior Council of 2024. It was definitely an incredible opportunity for these two groups to build relationships and learn how to work together - as they represent the main leadership structures of the school.

At this camp, the leaders were challenged and had to work hard to convince fellow learners of their leadership capabilities. This was important as the Senior Council and RCL had to vote for their main leaders at the end of this camp.

Just after this camp, the two big prize-giving ceremonies took place. Our Culture Prize-giving really exploded with all the prizes and children who received recognition for a hectic cultural year with lots of achievements.

It is also tradition that at the end of the Brackenfell Culture Prize-giving we announce our Head Leaders for 2024.

I would therefore like to congratulate the following Head Leaders:

The head leaders of our Senior Council are:
Head Girl: Charmaine van Wyk
Deputy Head Girl: Micke van der Westhuizen
Head Boy: Quade Engelbrecht
Deputy Head Boy: Matthew Wyngaardt

Our RCL-Chairperson for 2024 is Charmaine van Wyk and our Vice-Chairperson is Micke van der Westhuizen. We are really looking forward to seeing what our leaders will bring to the table. We also received fantastic news from *Die Burger*. Charmaine van Wyk - in her capacity as Chairperson of the RCL – has been chosen to be part of *Die Burger's* Youth Leaders' Conference and to represent our school on that prestigious platform. This is an incredible achievement as only 50 learners across several provinces are invited to attend.

The Sports Prize-giving was held in the same week as the Culture Prize-giving and was a truly esteemed event which we are proud of. I would also like to take this opportunity to thank our SSC for their input in the organisation of this award ceremony. It was wonderful to be able to include the parents in this event.

On Monday, October 23, we had our first Super Interschools meeting with Fairmont. It was incredible to be able to build a closer relationship with Fairmont. We experienced goosebumps when we carried into effect one of our great dreams for 2023: the launching of our floodlights! Few schools have the privilege of having a pavilion, as well as floodlights. So, the spectacular floodlights were definitely a highlight on my calendar.

Of course, “Bokke” fever was celebrated enthusiastically in Brakkieland! It would be better to name October 2023, “Boktober” rather than October. Our Brakkies displayed spirit and supported the Bokke - especially Cheslin Kolbe - wholeheartedly - as only a Brakkie can. We impressed the public so much that Netwerk 24 filmed a video of the “Cheslin bomb” that went viral on social media. We were even on the news! It was also a wonderful opportunity to be able to procure some positive exposure for the school, as I draw closer to my retirement. It was truly a very special moment and I will always cherish it, for as long as I live.

So, between the Bokke, the leopards and the wildlife park, I also hope that our children will excel academically. I pray that our matrics will make us proud in 2024 with their results and that they will stay focused until the end. I hope that our children will learn from the leopard when it comes to commitment and determination - and to keep their eyes focused on the final goal - like the leopard slowly, but determinedly stalking its prey... Never take your focus off your dream and main objective. Stay focused till the end and you will reap the rewards of your hard work.

They say all good things come to an end... Every year it is a heart-wrenching when we have to say goodbye to our matrics. It was once again a beautiful event where our matrics, parents and teachers were also able to mingle for the last time after the event.

It is with great sadness that we say farewell to some of the pioneers of our school. Mrs. Eda Visser retires at the end of this year, as well as Mr. Kotzé and Mrs. Kotze. These three teachers have made deep marks in Brakkieland. Their legacy is priceless and it is sad to say goodbye to such great minds. In addition, Sonja van Breda, our school counsellor, has also decided that now is a perfect retirement time. The support services have done incredible work in assisting both staff and learners over the years - in their inconspicuous way and without ever blowing their own horns. Several families and children were assisted and supported. These four colleagues have come a very long way with me. I would like to wish them all the best for their retirement. I really hope that they will visit a wildlife park somewhere just to experience that peace and beauty - without an alarm that wakes them up or a bell that rings...

Unfortunately, we have also experienced a deep loss this term. We had to say goodbye to our stalwart worker – Mrs. Edna Brand. Mrs. Brand was an essential part of our school for more than 15 years. She was a forerunner: sensitive, yet she managed to keep both the cleaning, as well as academic staff in hand. She had a cheeky nickname for each staff member - which was so unwaveringly accurate. Edna ceased to be her vibrant self this past year and succumbed to illness in October. She leaves a big void in our hearts and is a great loss to Brackenfell High School. Our hearts also go out to Edna's loved ones who have to endure this harrowing grief - especially over the festive season.

I would like to conclude with the following wish: My wish is that we will end this year with a peaceful Wild Garden holiday feeling. That we are willing to set aside the speed of the leopard first.

Let us as families and loved ones embrace the festive tide and enjoy the togetherness. On December 6, our school will once again hold the "Carols by Candle Light". Before Christmas it is an opportunity to reach out to our community where loved ones can come together and end the year on the right note.

May we become silent with our Creator and also give Him the recognition that He deserves in our life - and especially also over the festive season.

May the leopard in us come to a halt first, so we can recharge our batteries for 2024. Take in the beauty around you and enjoy being with your family, loved ones and family...just to be...

Friendly Christmas greetings

Jannie Muller

TOPPRESTEERDERS KWARTAAL 3 2023
TOP ACHIEVERS TERM 3 2023

GRAAD/GRADE 8

1 Mary Mukendi-Mpoyi
2 Ntando Mbekeni
3 Cassidy Cockrell
4 Kyle Van Dyk
5 Mathew William Clarke
6 Zoé Klink
7 Zander Janse Van Rensburg
8 Sebastiaan Huysamer
9 Anru Matthee
10 Lisa Adams
11 Caitlin Agnew
12 Hayley Bell
13 Veronique Goliath
14 Johan Leon Visser
15 Ethan April
16 Cayla Ruiters
17 Lisa Mari Van Rooyen
18 Micah van Wyk
19 Quinn Lottering
20 Jean Beetge

GRAAD/GRADE 9

1 Scarlett Wiehahn
2 Rebekah Hartnick
3 Marshall van Schalkwyk
4 Jovial Bukasa
5 Emoné Crous
6 Calyn Van der merwe
7 Danae Coetzee
8 Joy Kabangu
9 Luke Collins
10 Christine Pereira
11 Shannon Hewitt
12 Madison Pasqualli
13 Hay-Lee Erasmus
14 Jordan Stipp
15 Joané Stipp
16 Chantal van Wyngaardt
17 Quessia Katembwe
18 Alexis Goliath
19 Kirsten Moses
20 Mckenzy Potgieter

GRAAD/GRADE 10



1 Chanike Quinn
2 Chloe Pretorius
3 Andrea Titus
4 Tatum Pretorius
5 Kayla Fourie
6 Kristen Ford
7 Zoë van Dyk
8 Hannah Thomas
9 Crystal Strydom
10 Sharna Beukman
11 Emma Moss
12 Leané Van Wyk
13 Bianca Jordaan
14 Amy-Lee Erasmus
15 Ansu Pretorius
16 Lisa Langeveldt
17 Hané Pretorius
18 Kirsten Brown
19 Mia Louw
20 Christopher Ludick

GRAAD/GRADE 11



1 Emma Basson
2 Charmaine Van Wyk
3 Jozzlynn Voulgarellis
4 Francisca Van Zyl
5 Lana Basson
6 Nelmarie Bothma
7 Micke Van der Westhuizen
8 Arné Isaacs
9 David Van der Merwe
10 Zechariah Arends
11 Hannah Van Schalkwyk
12 Timeeya Lauf
13 Simoné Brand
14 Sanmari Fourie
15 Kapinga Bukasa
16 Helgard Van der Walt
17 Jana White
18 Marlize Esterhuizen
19 Owethu Gulekana
20 Ruby Titus

GRAAD/GRADE 12



1 Tiffany Van Niekerk
2 Kaylee Steyn
3 Andrea Verwey
4 Anke De Wet
5 Anke Bester
6 Zak Müller
7 Chelsey Joubert
8 Samantha Jones-Craig
9 Liney Kriek
10 Keegan Bredenkamp
11 Anja De Necker
12 Xavier Engelbrecht
13 Claudia Booyens
14 Robin Pringle
15 Dontay Eland
16 Zunaid Hendricks
17 Caitlin Fairbridge
18 Anna Louw
19 Mienke Jansen van Vuuren
20 Dominique Fourie

From the Captain's office

J.W. MULLER, PRINCIPAL

LLiewe Brakkie-familie

So vinnig soos hierdie jaar begin het, so vinnig het hy verbygevlieg. Kersfees en die feesgety is om die draai!

As ek terugdink aan iets wat vir my uitstaan van 2023 – in my persoonlike hoedanigheid – was my besoek aan die Kruger Wildtuin tydens die Junievakansie beslis 'n hoogtepunt. Dit is regtig een van daardie dinge wat my Biologie-hart sommer vinniger laat klop.

Elke keer as ek die Wildtuin besoek, hoop ek so in my stilligheid om my gunstelingdier te sien: die luiperd. Hierdie jaar het my besoek al my verwagtinge oortref!

Alhoewel ons hier in Brakkieland altyd speel met die gedagte van Brakkies en honde, is dit nogals half ironies dat ek so 'n liefde vir die katfamilie het. Kan nie help om die humor daarin raak te sien nie: 'n Hond se vyand is dan nou juis DIE KAT! En ons interskole teenstanders is dan nou die TIERE?

Feit bly staan, daar is vir my baie ooreenkomste tussen ons skool, die wildtuin en 'n luiperd.

Vir my is die GROOT 5 van 'n skool die Beheerliggaam, Hoof met sy topbestuur, onderwysers - en alle ondersteunende personeel, ons leerders en dan natuurlik al ons ouers. En as ons Groot Vyf hande vat en saamwerk, is dit ongelooflik wat 'n skool kan vermag.

Waarom is ek so gefassineerd met die luiperd? Die luiperd het natuurlik ongelooflike krag en spoed – iets wat ons hier in Brakkieland ook moet hê om kwartaal in en kwartaal uit te oorleef. 'n Skool is sekerlik een van die besigste instansies. Vir 'n kind of onderwyser om by te hou, kan ons beslis 'n bietjie by die luiperd gaan leer. Die krag en deursettingsvermoë wat ons mense hier moet hê, is iets om te beleef en te waardeer.

Hulle sê die geheim van die luiperd se sukses is dat hy die vermoë het om by sy omstandighede aan te pas. In die onderwys moet jy beslis ook aanpasbaar wees met die veranderde wêreld wat in so 'n klein gemeenskap – 'n mini-samelewing – hier by ons skoolomgewing gereflekteer word.

'n Onderwyser en leerder moet die vermoë hê om - soos ons hier in Brakkieland altyd sê: te "adapt en overcome". Dit is beslis een van die uitdagings in die onderwys. Maar dit hou die lewe beslis ook interessant en voorkom dat 'n mens nie stagneer en vasval in 'n rigiede struktuur nie.

As ons moet reflekteer op hierdie kort - maar kragtige - kwartaal, kan 'n mens sê dit het by tye gevoel of 'n hele kwartaal se gebeure in twee weke plaasgevind het! Die spoed van hierdie kwartaal sou selfs die gesoute luiperd geïntimideer het!

Binne die eerste twee weke van die kwartaal het verskeie belangrike prosesse en funksies plaasgevind.

Ons het 'n heerlike leierskapkamp met ons VRL en Seniorraad van 2024 gehad. Dit was beslis 'n ongelooflike geleentheid vir hierdie twee groepe om verhoudings te bou en te leer hoe om saam te werk – aangesien hulle ons hoofleierskapstrukture van die skool verteenwoordig.

Op hierdie kamp is die leiers uitgedaag en het mekaar beslis uitgekyk en in aksie gesien. Dit was belangrik aangesien die Seniorraad en VRL aan die einde van hierdie kamp vir hul hoofleiers moes stem.

Net na hierdie kamp het die twee groot prysuitdelings plaasgevind. Ons kultuurprysuitdeling het behoorlik ontplof van al die pryse en kinders wat erkenning gekry het vir 'n propvol kultuurjaar met hope prestasies.

Dit is dan ook tradisie dat ons aan die einde van die Kultuurprysuitdeling ons Hoofleiers vir 2024 aankondig.

Ek wil dus graag die volgende Hoofleiers gelukwens:

Die hoofleiers van ons Seniorraad is:
Hoofmeisie: Charmaine van Wyk
Onderhoofmeisie: Micke van der Westhuizen
Hoofseun: Quade Engelbrecht
Onderhoofseun: Matthew Wyngaardt

Ons VRL-Voorsitter vir 2024 is Charmaine van Wyk en ons Ondervoorsitter is Micke van der Westhuizen. Ons sien regtig uit daarna om te sien wat ons leiers na die tafel gaan bring. Ons het ook fantastiese nuus ontvang van *Die Burger*. Charmaine van Wyk – in haar hoedanigheid as Voorsitter van die VRL – is gekies om deel van *Die Burger* se Jeugleierskonferensie te wees en ons skool op daardie gesogte platform te verteenwoordig. Dit is 'n ongelooflike prestasie aangesien net 50 leerders oor verskeie provinsies heen, genooi word om dit by te woon.

Die Sportprysuitdeling was in dieselfde week as die Kultuurprysuitdeling en was werklik 'n prestige-geleentheid aarop ons trots is. Ek wil graag ook hier van die geleentheid gebruik maak om ons SOK te bedank vir 'n groot deel van hierdie prysuitdeling se organisering. Dit was lekker om die ouers ook deel van hierdie geleentheid te kon maak.

Maandag, 23 Oktober, het ons ons eerste Superinterskole saam met Fairmont gehad. Dit was ongelooflik lekker om so verhoudings te kon bou met Fairmont. Daar was ook hoendervleisoomblikke om 'n droom wat waar geword het te kon vier daarmee saam: Ons spreiligte! Min skole het die voorreg om 'n pawiljoen asook spreiligte te kan hê. So dit was ook beslis 'n hoogtepunt op my kalender.

Bokkoors het natuurlik ook hooggety gevier hier in Brakkieland! Hier by ons was dit beslis Boktober eerder as Oktober! Ons Brakkies het gees gehad en die Bokke - veral ook Cheslin Kolbe – met ons warm hart ondersteun – soos net ons Brakkies kan. Soveel so dat ons op Netwerk 24 gepryk het en ons video van die Cheslin-bom soos 'n veldbrand op sosiale media versprei het. Ons was selfs op die Nuus! Dit was heerlik om so duskant my aftrede 'n bietjie positiewe blootstelling vir die skool te kon kry. Dit is werklik baie spesiaal en ek sal dit altyd koester.

So tussen die Bokke, die luiperde en die wildtuin, hoop ek regtig ook dat dit met ons kinders goed sal gaan tydens die eksamen. Dat ons matrieks ons in 2024 trots sal maak met hul resultate en dat hulle tot die einde gefokus sal bly. Ek hoop dat ons kinders by die luiperd sal leer as dit by toewyding en gedetermineerdheid kom en om jou oë gefokus te hou op die einddoel – soos die luiperd stadig maar seker sy prooi bekruip… Moet nooit jou fokus van jou droom en einddoel afhaal nie. Bly tot die einde gefokus en jy sal beslis die vrugte van jou harde werk pluk.

Hulle sê mos alle goeie dinge kom tot 'n einde… Elke jaar is dit maar 'n bitter pil om te sluk as ons ons matriekklas moet groet. Dit was weereens 'n mooi geleentheid waar ons matrieks, ouers en onderwysers ook na die geleentheid vir oulaas lekker saam kon kuier en gesels.

Hiermee saam is dit ook hartseer om afskeid te neem van groot geeste in ons skool. Me. Eda Visser tree aan die einde van hierdie jaar af, sowel as me. Kotzé en mnr. Kotzé. Hierdie drie onderwysers het al diep spore in Brakkieland getrap. Hul nalatenskap is van onskatbare waarde en dit is hartseer om sulke groot geeste te moet groet. Sonja van Breda, ons skoolberader, het ook besluit dit is nou aftreetyd. Die ondersteuningsdienste het oor die jare – so in hul stilligheid en sonder om dit ooit aan die grootklok te hang – ongelooflike ondersteuningswerk gedoen. Verskeie gesinne, families en kinders is bygestaan en ondersteun. Hierdie vier kollegas kom al 'n baie lang pad saam met my. So ek wil darem net graag van my kant af vir hulle alles van die beste toewens vir hul aftrede. Ek hoop regtig dat hulle iewers by die Wildtuin sal gaan draai net om daardie rustigheid en skoonheid te beleef - sonder 'n alarm wat hul wakker maak of 'n klok wat lui…

Dan was daar beslis 'n laagtepunt in hierdie kwartaal. Ons moes een van ons staatmakerwerkers groet. Edna Brand… Liewe Edna was meer as 15 jaar verbonde aan ons skool. Sy was 'n voorvatter, raakvatter en het die skoonmakers op hul tone gehou. Sy het vir elke personeellid 'n koddige bynaampie gehad – wat so beskrywend was. Edna was die afgelope jaar glad nie meer haarself nie en het stadig maar seker weggekwyn. Soveel so dat sy hierdie kwartaal – baie onverwags – oorlede is. Sy laat 'n groot leemte in ons harte en 'n geweldige gemis in Brakkieland. Ons harte gaan ook uit na Edna se geliefdes wat nou deur hierdie moeilike tyd moet gaan – veral hier oor die feestyd.

Graag wil ek afsluit met die volgende wens: My wens is dat ons hierdie jaar sal afsluit met 'n rustige Wildtuin-vakansie-gevoel. Dat ons eers die spoed van die luiperd opsy gaan skuif.

Laat ons as gesinne en geliefdes die feesgety aangryp en die samesyn geniet. Op 6 Desember hou ons skool weer die "Carols by Candle light" wat voor Kersfees die geleentheid is om uit te reik na ons gemeenskap waar geliefdes saam kan kom en die jaar op die regte noot te kan afsluit. Aan die anderkant is dit 'n goeie geleentheid om hierdie feesgety-gevoel op die regte noot te begin…

Mag ons stil word by ons Skepper en ook Hom die erkenning gee wat Hy in ons lewe – en veral ook oor die feesgety – verdien.

Mag die luiperd in ons eers tot stilstand kom, sodat ons ons batterye vir 2024 kan herlaai. Neem die mooi om jou in en geniet die saamwees met jou gesin, geliefdes en familie …om net te *wees*…

Vriendelike Kersfeesgroete

Jannie Muller

VRL/RCL
SENIORRAAD/SENIOR COUNCIL 2024

Ons voorsitter vir 2023 is Charmaine van Wyk en ons ondervoorsitter is Micke van der Westhuizen.
We are very proud of these Brakkie leaders.
Ons beste wense aan hierdie groep leiers.
We know you will make us proud.

Links na regs:
1ste ry: Matthew Wyngaard, Quade Engelbrecht, Micke van der Westhuizen (ondervoorsitter) en Charmaine van Wyk (voorsitter)
2de ry: Zoë van Dyk, Kirsten Brown, Andrea Titus en Chanike Quinn(a)
3de ry: Migual van Rooyen, Shannon Hewitt, Danae Coetzee en Misha Ford
4de ry: Oyitando Konza, Ntando Mbekeni en Sebastiaan Huysamer

VRL/RCL SENIORRAAD/SENIOR COUNCIL 2024 CAMP/KAMP

Op die naweek van 13-15 Oktober het ons hoof leierskapstrukture van ons skool 'n leierskapsontwikkeling sowel as 'n spanboukamp gehad.
The camp was facillitated by Base Camp Adventures and took place on the premises of the beautiful Appostel Battery at Llandudno.
Ons leerders, en onderwysers, het dit ongelooflik baie geniet.
Waardevolle lesse is geleer, bande is gesmee, en belangrike onderwerpe is aangeraak.
We are super proud of each and every learner who forms part of this exceptional group.
Ons glo 2024 gaan 'n jaar vir die boeke wees en dat ons leiers hulself - asook ons skool - trots sal maak.
We believe in you! Brakkie pride!

BLOEDSKENK

Daar word een maal per kwartaal 'n Bloedskenkkliniek gehou by Hoërskool Brackenfell. Namens die Western Cape Blood Service (WCBS) wil ons elke leerder wat die jaar bloed geskenk het bedank vir die bydrae wat hulle gemaak het en die lewens wat hulle gered het.

Ons groet na drie jaar die volgende Portuur promotors wat vrywilliglik gehelp het dat die klinieke suksesvol plaasgevind het.

Hulle is: Zelda van der Westhuizen, Lenell Stockigt, Chandré du Toit, Tamsin Simons, Adrian Powell en Chrisjan Groenewald.

Die nuwe Portuur promotors vir 2024 tot 2026 is: Sunique van der Merwe, Ruby-Jay Gibbons, Emma Gibbons, Henko Nel en Daniel Mostert.

Leerders ouer as 16 jaar is welkom om in 2024 bloed te kom skenk; elke druppel help!

Noodhulp leiers

Die noodhulpraad van 2023/2024:

(Links na regs):
Cara-Jane Atkins (Ondervoorsitter), Mia Lourens (Voorsitter), Kapinga Bukasa (Ondervoorsitter).

MUSIEK EN KOOR

Ons musiekleerders se prestasies sedert September

Twee leerders word as kategoriewenners van die Tygerberg Internasionale Eisteddfod aangewys: Sanmari Fourie wen die Bach-afdeling vir 16-jariges (klavier) en Brogan Reis wen die afdeling vir dromme vir 17-jariges.

Jeremiah Jacobs (Grade 9) is the Junior Music Learner of 2023 and Sanmari Fourie is Senior Music Learner of 2023. They received these awards at the Culture Prize-giving on 17 October, where both also performed.

Three learners passed Unisa Piano Examinations this year: Steven Otto (Grade 4 with distinction), Lana Basson (Grade 5) and Sanmari Fourie (Grade 5 with distinction).

Choir activities of the fourth term

Apart from performing at the Culture Prize-giving on 17 October, the choir of Brackenfell High was also selected as one of only 21 choirs in the Western Cape to take part in the Udumo Choir project, which was held on the weekend of 20 and 21 October at Coetzenburg in Stellenbosch. The choir rehearsed under the batons of several visiting conductors and performed in a concert as part of a choir of 1 000 voices on Sunday evening.

DRAMA
Con Spirito Finale uitslae/ Final results:

Aan die einde van kwartaal 3 het ons die finale uitslae van drie van ons leerders wat deelgeneem het aan die **Con Spirito Forte** rondte ontvang:

Micke van der Westhuizen:
Gedramatiseerde prosa - 99% (Item wenner)
Gedramatiseerde monoloog - 98% (2de plek)
Gedramatiseerde gedig - 97% (3de plek)

Liezé Marais:
Gedramatiseerde monoloog - 97% (item wenner)

Crystal Strydom:
Gedramatiseerde gedig - 91% (item wenner)

Van links na regs:
Micke van der Westhuizen, Liezé Marais, Crystal Strydom

BIO SCIENCE MATHEMATICAL LITERACY OLYMPIAD

Brackenfell High School is very proud of the following learners who took part at the Bio Science Mathematical Literacy Olympiad. Congratulations to all these learners on their outstanding achievements.

Back: Reeco Swart (gold), Luis Pereira (gold). Front: Marzé Burger, Peta Erasmus (Silver), Samantha Craig-Jones (gold), Leandré van Jaarsveldt (bronze), Anja White (bronze) and Nica Oosthuizen (silver). The following two learners did exceptionally well: Luis received 1st place overall in the Olympiad and Samantha 2nd place.

Back: Mr Jannie Muller (principal),
Mrs Marcelle van Rooyen (teacher).
Front: Luis Pereira and Samantha Craig-Jones.

Re Vera

Redaksiespan 2023/2024

Bestuurspan	
Emma Basson	Redaktrise
Zara-Leigh Phillips	Sub-editor
Crystal Strydom	Hoof van Bladuitleg
Mia Lourens	Hoof van Bemarking
Micke van der Westhuizen	Hoof van Fotografie
Lana Basson	Hoof Proefleser

Joernaliste	
Joernaliste:	Andrea Titus
Abby De Reuck	Jessica Robinson
Anneline Haman	Kendra Parker
Hannah Thomas	Arné Isaacs
Nelmarie Botha	Ineke Strydom

Bladuitleg lede	
Nelmarie Botha	Kendra Parker
Zaghrah Buys	Kirsten Ford
Kapinga Bukasa	Ineke Strydom

Fotograwe:
Brakkies Fotografieklub

WORLD CUP RUGBY

Hoërskool Brackenfell wens Springbokke en Kolbe sterkte toe

DIE CHESLIN BOM – HY HET GEKOM!



Op Dinsdag, 21 November, het die kranse behoorlik antwoord gegee toe ons trotse oudleerder - Cheslin Kolbe - al die moeite gedoen het om sy Alma Mater te besoek.

Die pragtige, nederige mens wat hy is, het voorwaar sy aanhangers behoorlik op hol gehad. Van ons leerders - en personeel - moes hulself behoorlik in toom hou om nie dalk flou te raak van al die opwinding nie.

Die Brakkies het ons pawiljoen vol gesit. Glad nie geweet van hierdie verrassingsbesoek nie. Mnr. Muller het almal laat glo dat ons 'n bomdreigement ontruiming moes oefen. Vir niemand het dit sin gemaak waarom almal - na die ontruiming - op die pawiljoen moes gaan sit nie...

Toe Cheslin sy verskyning maak, het die Brakkies hom uit volle bors begroet met "Die Cheslin BOM". Die opwinding was tasbaar. Op 'n stadium was 'n mens bevrees die Brakkies gaan hom bestorm, maar hulle het baie selfdissipline aan die dag gelê deur op pawiljoen te bly totdat mnr. Muller gesê het hul kan in klein groepies foto's saam met hom neem. Nodeloos om te sê, die groepies was toe nou nie so klein nie...

Cheslin het 'n pragtige, inspirerende toespraak vir ons kinders gemaak. Hy is so 'n ongelooflike rolmodel vir ons jongmense. Hy verteenwoordig presies waarvoor Hoërskool Brackenfell se waardes staan. Ons kan nie MEER trots op hom wees nie.

Nadat hy by die leerders vertoef het, was dit die Brakkies se beurt om Cheslin onkant te betrap en te verras... Die skool het vir Cheslin vereer deur die eerstespan rugbyseuns se aantrekkamer na hom te vernoem. 'n Pragtige goue plaatjie is daar opgesit met die woorde: "Cheslin Kolbe - Eerste XV Kleedkamer."

Cheslin was so nederig oor hierdie eer wat hom te beurt geval het. Dit was vir hom 'n ongelooflike trotse oomblik - en ook vir Brakkieland.

Dankie, Cheslin, dat jy ten spyte van al die roem jou voete nog steeds plat op die aarde hou. Dat jy altyd terugkom na jou skool en gemeenskap en altyd die skool en gemeenskap erkenning vir hul aandeel in jou sukses gee.

Ons harte swel van grootse trots, by die aanhoor van jou naam.
Jy maak ons trots, Cheslin.

SUPER INTERHOUSE

Brackenfell High School and Fairmont High School combined forces for a Super Interhouse competition on 23 October 2023. This was also the first event under our new flood lights. Six houses, Brink, Cilliers, Walton, Dale, Innes and Muir competed for the "Twinning" Trophy. Houses Brink and Muir finished in first place with Walton and Dale in second place and Cilliers and Innes in third place. This was the first in its kind and will hopefully grow into a highlight on our calender. A big thank you to Fairmont High School for their participation and the fantastic relationship between our two schools.

The Victrix and Victor Ludorums were as Follow:

Junior Victrix Ludorum:	Alicia de Klerk	House Cilliers
Junior Victor Ludorum:	Hayden Fortuin	House Brink
Senior Victrix Ludorum:	Luhze Potgieter	House Innes
Senior Victor Ludorum:	Jordan van den Heever	House Brink

Best Achievement:

Boys	Jordan van den Heever	House Brink
Girls	Aimee Johnson	House Muir

Jordan van den Heever

Krieket / Cricket 2023

Wat 'n wonderlike jaar was dit nie vir ons krieket nie. Ons seuns was sommer al vroeg in die begin van die derde kwartaal besig om gelde in te samel vir hulle toere waarop hulle was. Die onder 14 spanne het na Worcester toe getoer, die onder 15 seuns het na George toe getoer en die eerstespan was Potchefstroom toe.

Dit was so lekker om die terugvoering van die seuns te ontvang en te hoor hoe hulle almal die toere geniet het en waar hulle herinneringe gemaak het. Die onder 14's en15's se toer is wel bietjie kort geknip as gevolg van reën, maar dit was vir ons krieketseuns 'n wonderlike geleentheid wat geskep is om hulleself te gaan uitleef en hulle talente te gaan wys.

The first team had a great tour to Potchefstroom this year. It was the second time that they attended this tour with schools like Glenwood, Helpmekaar College, Marias Viljoen, Boland Landbou, Potchefstroom Gymnasium and many more. They won 2 out of the 4 games.

We would like to say a big thanks to the school for building 2 new turf cricket nets. We can't wait for our boys to start to practise in these nets.

Thanks to all our Sponsors who made the cricket possible this term.

HOCKEY / HOKKIE

League

A huge congratulations goes out to our U16A Girls, who are the league winners for the season in the GCR U16 section, with our U14's ending 8th and U19's ending 7th in their leagues. It was a tough season for our boys having topped League 2 in 2022 and shifting to a League 1 this year. They unfortunately couldn't secure our position in League 1 and will go back down to League 2 for the 2024 season.

#	Team	MP	W	D	L	GF	GA	GD	PTS
1	Brackenfell HS U16A	9	7	2	0	26	2	24	23
2	Edgemead HS U16A	9	7	0	2	17	6	11	21
3	Bellville HS U16A	9	6	1	2	10	2	8	19

Hockey achievements:

We would like to take the opportunity to congratulate a few of our hockey players on their achievements for the year in our sporting code. Our players, some in their own capacity, entered into various trials and tournaments and were acknowledged by coaches or selectors as promising hockey players. Well done on your achievements!

HOCKEY / HOKKIE

Interhouse

We hosted our second Interhouse event in August. There was loads of fun, plenty of laughs as well as great sportsmanship between the houses. Congratulations to BRINK on being crowned Interhouse hockey champions for the second year in a row.

Summer programme

Our summer programme kicked off on 11 October after a month and a half break for players. This programme allows for our players to keep fit and finetune their skills for next year. We hope that this summer programme will allow our players to learn and/or improve their current level of hockey.

Junior Hockey Tournament

We hosted our second Junior Hockey Tournament for U12 & U13 age groups on 18 & 20 March this year. This tournament allows teams to participate against teams of different skill levels but most of all, gives coaches and players the opportunity to learn.

Sponsors:

We would like to thank the following sponsors for their contribution towards the hockey.

- Cape Gate
- SA Home Loans
- Timber City
- Disa Sports
- Princess Hockey
- Exeo
- Nu Generation Homes
- Axnshots
- GlasFit Brackenfell
- Ribbens Office National
- Valem Financial Services
- School supporters club (SOK)
- And all other anonymous donors.

Aftrede

Sonja van Breda

Sonskyn Sonja verruil Brakkieland vir aftrede.

Sonja van Breda was die stille krag by die Ondersteuningsdienste. Sy het met 'n vrolike hart en 'n sonskyn geaardheid die beradingsgedeelte by die Ondersteuningsdienste behartig. Sy het met 'n heerlike humorsin en 'n positiewe benadering kleur ingeblaas in 'n soms sombere plekkie met baie probleme…

Sonja started working at the school in 2007 and is now retiring after 16 years. Her main role was to act as the school's counselor within the support team.

Sonja het grootgeword op 'n wyn- en- vrugteplaas in Rawsonville. Sy het haar Maatskaplike graad aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Haar beroepskeuse as Maatskaplike werker, was toeval en glad nie beplan nie. Sy het eers later in haar lewe besef dat dit deel van God se plan vir haar was.

Om 'n Maatskaplike werker te wees is een groot voorreg en beslis 'n geleentheid om 'n instrument in God se hand te kan wees. Dit gee jou die geleentheid om deel te wees van 'n plan in mense se lewe en om hulle te ondersteun. Die wonderlike deel van haar werk was om te sien hoe sy 'n instrument van hoop kon wees in 'n tyd waar mense of kinders in hopeloosheid funksioneer. Om mense te kon help om 'n ander perspektief op hul probleem te kon kry, soveel so dat hul op 'n manier weer uitkoms kon kry uit hul vasgevange bestaan.

She plans to spend as much time as possible with her husband, children, grandchildren and loved ones. She is looking forward to the new chapter in her life.

Sy het net weer besef hoe kosbaar tyd is. Hierdie onderstaande gedig van Lucas Maree lê haar baie na aan die hart, want dit verwoord presies hoe sy voel oor tyd. Dit is ook 'n boodskap wat sy wil nalaat oor die wysheid en insig wat met die verloop van tyd inskop.

Die tyd het oor my lyf geloop
en my nie juis gespaar nie
my moed in die proses gesloop
want mooi is nie meer daar nie.

Toe soek ek rond, van plek tot plek,
verloor amper my sinne
tot ek daar voor die spieël ontdek:
dalk is die mooi nou binne.

Die res is God se tyd en God se plan

Sonja, namens Hoërskool Brackenfell wil ons opreg vir jou dankie sê vir die groot rol wat jy in horde leerders en gesinne se lewens gespeel het. Jou werk was 'n baie ondankbare werk. Op jou stil manier het jy elke dag daar in jou kantoor meesterwerk verrig. As instrument van God het jy soveel gesinne en leerders uit hul omstandighede “gered”. Jy het soveel beteken vir generasies leerders wat oor jou drumpel gestap het. Jy is 'n juweel van 'n mens wat nie altyd die erkenning gekry het wat jy verdien het nie. Die werk wat jy gedoen het, het jy nie gedoen om raakgesien te word nie. Jy het dit gedoen omdat jy die ongelooflike hartsmens is wat jy is.

Ons Brakkies gaan hulle “tannie Sonja” verskriklik mis. Net soos God 'n plan met jou beroep as Berader gehad het, weet ons ook God het 'n ongelooflike plan met jou aftrede. Mag jy 'n geseënde pad vorentoe hê. Jy laat 'n groot leemte by die Ondersteuningsdienste en die Brakkies se harte.

Aftrede

Sandra Kotzé

Ons engel van Brakkieland sprei vlerke vir aftrede

In die vierkant daar by k. 106 en 107 is 'n ekstra warm plekkie – en dis nie as gevolg van 'n lekker sonkolletjie nie. Nee, dit is die "tuiste" van me. Sandra Kotzé en die Ondersteuningsdienste. Daar is dit warm van al die liefde en omgee wat uitgestraal word. Selfs die tuin in daardie vierkant floreer van hierdie omgee-hitte.

Sandra het in 1989 by Hoërskool Brackenfell begin. 'n Volle 34 jaar deel van die skool…

Sy is gebore in Mahikeng en het in Stellenbosch grootgeword. Sy was van gr. 1-12 in Hoërskool Bloemhof. Sy het aan die Universiteit van Stellenbosch haar BA, HOD asook haar Honneursgraad verwerf.

Haar onderwysloopbaan het interessant afgeskop. Sy het so 'n paar skole beleef. Haar eerste betrekking as onderwyser was by Paul Roos Gimnasium. Daarna het haar onderwysloopbaan by Hoërskool JG Meiring gedraai. Voor sy by Hoërskool Brackenfell opgeëindig het, het sy by Eben Dönges gewerk.

Sandra Kotzé left her mark in many fields. She was involved in various areas of our school: academics, leadership, sports, culture, associations and learner support.

Sy was aanvanklik 'n Afrikaans-onderwyseres en het 'n geweldige liefde en passie vir die vak asook die taal. Mettertyd het sy besef sy het 'n ingebore liefde vir waarde onderrig en om op 'n meer persoonlike vlak met tieners te werk. Dis waar die gedagte vlamgevat het om by die Ondersteuningsdienste van die skool betrokke te raak. In die laaste jare was sy voltyds betrokke by die Ondersteuningsdienste en het die vak Lewensoriëntering onderrig.

Sy het in hierdie vormingsjare geleer dat sy 'n werktuig in God se hande is om 'n verskil te maak. Tieners is elkeen uniek geskape. Hul het haar voete plat op die aarde gehou!

Dis dan nie 'n verrassing dat haar hoogtepunt by Hoërskool Brackenfell haar tyd by die Ondersteuningsdienste was nie. Sy en haar kollega by ondersteuning het kosbare tye gehad en 'n baie besonderse vriendskap is gesmee. Sy het dit ook baie geniet om by vereningings soos Interact en Teens@comm betrokke te wees en pragtige leerders in die proses te ontmoet en te slyp.

Die laagtepunt van haar onderwysloopbaan was Uitkomsgebaseerde Onderwys! Dit is tydens hierdie fase wat sy ook besef het haar roeping lê by die kinders en by ondersteuning. Nog 'n laagtepunt wat sy uitsonder is die negatiewe impak wat Covid-19 gehad het. By die ondersteuningsdienste het hul daagliks te doen gehad met die nadraai van hierdie vreeslike tyd. Dit het die moraal van ons kinders en opvoeders 'n besonderse knou gegee.

Sandra het 'n pragtige metafoor vir die skoolgemeenskap geskep en hoe almal afhanklik is van mekaar. Die mure van die skool is ons positiewe, meelewende leerders. Hulle is die mense wat die skool staande hou. Die passievolle, toegewyde onderwysers is die "fondasie" van die skool. As die fondasie nie sterk is nie, sal die mure in mekaar tuimel. Sy sien die ondersteunende ouerkorps - wat in die beste belang van hul kinders optree - as die dak van die skool. Dis hulle wat ons kinders moet veilig hou teen die aanslae. En as die "dak" nie reg is nie, kry 'n mens te doen met verskeie probleme wat by die kind in die skoolomgewing manifesteer.

Soos met alles in die lewe is daar 'n tyd om te kom en 'n tyd om te gaan. Sandra sien ongelooflik baie uit na die nuwe fase in haar en haar man se lewe. Hul gaan eers verhuis en dan LANK by hul kinders en kleinkinders kuier. Die een gesin bly nou in Harlow, Engeland en die ander gesin in Okotoks, Kanada.

Sandra has many exciting things she is planning for her and Mr. Kotzé's retirement. A few of the things on her wish list are the Camino hike, a bicycle tour and a boat cruise on the canals.

Die Ondersteuningsdienste gaan beslis nie weer dieselfde wees nie. Sandra Kotzé was die hartklop van die Ondersteuningsdienste. Sy het vele kinders en gesinne bygestaan. Sy was soos 'n engel op elke Brakkie se pad. En net soos 'n engel, het sy nooit haar werke aan die groot klok gehang nie. Sy het als wat sy gedoen het uit die goedheid van haar hart gedoen en nie om enige iets in ruil te verwag nie. Die ondersteuningsdienste was haar hartskind waarop sy ongelooflik trots is. Ons gaan ons engel in Brakkieland verskriklik mis. Haar sagte aanraking in elke opvoeder en leerder se lewens sal nog jare vorentoe in elkeen se hart eggo.

Ons bid vir haar net die mooiste seën toe op die pad van aftrede. Mag sy haar vlerke sprei en die vryheid van aftrede geniet. Mag die Here Sy engel beskerm en mag al die goedheid en guns wat sy so mildelik aan haar naaste uitgedeel het, dubbeld en dwars na haar toe terugkom.

Aftrede

Johan Kotzé



Mnr. Johan Kotzé het 'n interessante paadjie geloop vandat hy in 1984 by Hoërskool Brackenfell begin het. Sy paadjie was met onderbrekings tussenin, waar die avonturier in hom verskeie kere die oorhand gekry het. Dan het hy Brakkieland verlaat om nuwe geleenthede na te jaag, maar tog het die verlange na die Brakkie-familie die oorhand gekry en het hy weer sak en pak teruggekeer.

Johan Kotzé is gebore in Maltahöhe, Namibië. Hy beskryf homself as "'n Namibiër in murg en been." Hy matrikuleer aan Paul Roos Gimnasium. Hy Studeer aan die Universiteit van Stellenbosch en verwerf daar sy B. Econ-graad en ook sy Honneursgraad en HOD daarna. Hy en Sandra Heine (ons ken haar nou as Sandra Kotzé) trou toe later. Hy is na 42 jaar nog steeds dolverlief op sy vroutjie!

Hy het in die onderwys beland te danke aan 'n oudonderwyser wat hom geïnspireer het. Hy het ook besef dat dit sy roeping was, want hy het geleer wat die Here se wil vir hom is en dit het berusting by hom gebring dat dit die loopbaan is wat hy moes volg.

Na sy destydse twee jaar diensplig, het hy by Hoërskool Brackenfell begin. Na vyf jaar by BHS het die geleentheidgogga gebyt. Hy het 'n werksgeleentheid gekry om by SANLAM by die Middelbestuur Produkontwikkeling te gaan werk.

Maar die onderwysgogga het elke keer gewen. Die roeping as onderwyser het hom elke keer teruggelok na Brackenfell. Op 'n stadium het hy sy liefde vir projekbestuur gekombineer met sy onderwysloopbaan. Hy het die geleentheid gekry om aan bestuur te staan van verskeie bouprojekte wat by Hoërskool Brackenfell aangepak is. Die Ossie Theron-sentrum, die huidige personeelkamer, die nuwe adminblok, voorportaal, rekenaarlokale asook die nuwe buiteklasse is alles die nalatenskap van die projekte waarby hy aan stuur was en waarop hy vandag baie trots is.

Na vele jare word hy 'n pos as Departementshoof by Hoërskool Monumentpark aangebied. Hy het ook later die pos as Adjunkhoof daar bekleë. Hy besluit toe in daardie tyd om die Onderwyspakket te neem en kom toe terug na Brakkieland in 2000 – in 'n Beheerliggaampos. Daarna was hy ononderbroke betrokke by Hoërskool Brackenfell en kyk nie een keer terug nie. Een maal 'n Brakkie, altyd 'n Brakkie!

Hoogtepunte wat vir hom altyd sal bybly, is die tye waar leerders getuig het van die invloed wat hy op hul lewens gehad het. Die laagtepunte sal wees waar leerders ongegronde en onregverdige beskuldigings rondgeslinger het. Dis dié tye wat hy maar liefs wil vergeet.

Teaching is an incredible profession. But educators also have a great responsibility. Teachers can make or break learners. Parents, of course, also play a big role. It is always a win-win situation if parent and educator can work together for the benefit of the child. Many parents usually show appreciation for teachers, but it makes it very difficult in education if some parents do not provide the necessary security for their children or teach the necessary values to their children.

Sy aftrede sien hy as 'n nuwe fase in die hande van sy Skepper wat hy deur die genade met sy vrou wil deurbring. Hy sien uit na die opwindende dinge wat sy vir hulle tweetjies beplan. Johan glo ook 'n mens moet doen wat jou hand vind om te doen volgens die wil van God.

Sy lewensfilosofie is dat 'n mens jou lewe so moet leef waar die belange van ander mense vooropgestel word. Die welsyn van ander is belangrik en jou eie belange moet ondergeskik wees. Sy geloof is vir hom onwrikbaar en ononderhandelbaar. Leef soos God vir ons leer om te leef: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself en jou God bo ALLES.

Ons gun vir mnr. Kotzé nog vele avonture op sy pad van aftrede. Ons hoop dat hy ook heerlike kuiertjies sal inwerk by sy twee dogters wat wyd oor die aardbol verspreid is: een is in Kanada en die ander enetjie is in London. Soos hy tereg sê: Opwindende tye lê voor en ons gun hom elke sekonde van die opwinding.

Brakkieland gaan hom verseker mis. Ons groet 'n groot gees met 'n ongelooflike sin vir humor en groen vingers. Ons gaan sy pragtige Clivias mis, sy ongelooflike liefde vir Bonsai-boompies en al sy raad oor plante en tuinmaak.

Ons weet meneer Kotzé sal van hierdie aftrede-besigheid 'n sukses maak!

Aftrede

Eda Visser

Die hartklop van Lewenswetenskappe tree af.

Me. Eda Visser – Biologielegende en 'n geliefde onderwyseres – het besluit dit is nou tyd om 'n nuwe fase in haar lewe te betree. 'n Mens kan amper nie die Biologiedepartement sonder haar indink nie!

Eda Visser het in Januarie 1985 by Hoërskool Brackenfell begin. Sy was dus vir 38 jaar verbonde aan hierdie skool. 38 jaar se voetspore wat sy in baie generasies leerders se harte getrap het. Dit voel onwerklik om iemand soos sy te moet groet. Almal wat by haar Biologie gehad het, stem saam: Sy het Biologie laat leef. Sy het die lewe in Lewenswetenskappe geblaas met haar absolute passie en ongelooflike kennis vir haar vakgebied.

Eda het op Malmesbury grootgeword. Sy het by by Laerskool - en Hoërskool Swartland haar skoolloopbaan voltooi. Nadat sy gematrikuleer het, was sy vir vier jaar 'n Matie. Sy het 'n B.SC - graad en 'n HOD-diploma in Onderwys aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Haar eerste onderwyspos was by Hoërskool Simonstad en daarna het sy 'n Brakkie geword.

Sy was bevoorreg om 'n onderwysbeurs te kry wat haar volle universiteitsopleiding betaal het. Sy het ook die studentelewe geniet met haar verblyf in die koshuis, Huis Erica. Haar beurs het haar verplig om vier jaar skool te gee, maar dit het daarna werklik haar roeping geword.

As Departementshoof van Lewenswetenskappe was dit vir haar altyd belangrik om goed saam met haar kollegas te werk sodat hulle 'n goeie standaard kon vestig. Dit was haar passie om Lewenswetenskappe aan te bied en 'n groot voorreg om die leerders van die wonder lewe te kon leer.

As Graadhoof, vir ongeveer 20 jaar, was dit wonderlik om te sien hoe leerders van 'n onsekere graad 8'ie na 'n volwasse graad 12-leerder ontwikkel. Sy was bevoorreg om met die leiers van die graad te werk, maar het ook haar bes probeer om die afvalliges op die regte pad te kry.

In the field of sports, she coached athletics and hockey during her teaching years, as well as taking tennis players to matches. She was also the netball organiser of our school for many years.

Administratively she, at one stage organised the book store, set up the exam supervision schedule and dealt with staff absences. For the past five years she has also been involved in the PTA.

Die rol wat sy as LW-opvoeder in die beroepskeuse van haar leerders gespeel het, is 'n riem onder die hart. Sy is trots op haar oudleerders wat vandag beroepe soos dokters, tandartse, fisioterapeute, arbeidsterapeute, ens. bekleë. Dit is vir haar lekker om te dink dat sy dalk moontlik die saadjie kon plant om hierdie leerders te inspireer om in hierdie veld hul toekomsberoep te kon vind. Dis ook vir haar wonderlik dat soveel van haar oudleerders die onderwysberoep gekies het en sommiges selfs al skoolhoofde is!

Hoogtepunte van haar tyd hier by Brakkieland is beslis al die CSV-kampe, LW-uitstappies na Kirstenbosch, Tafelberg, Intaca, sporttoere oor die land, interskole, revues en natuurlik die fantastiese akademiese uitslae. Haar laagtepunt was Covid-19 in 2020 en die nagevolge wat ons nog steeds daarvan ervaar.

Albei haar kinders was hier op skool en as ouer was sy baie betrokke in die gemeenskap. Haar man het ook op die SOK en Beheerliggaam gedien. Jy leer die ouers goed ken wat saam met jou langs die sportveld staan en goeie vriendskappe is gevorm.

By die OOV het sy wonderlike ouers leer ken. Hulle werk ongelooflik hard om die skool te dien en geld te genereer om ons leerders finansieel te help.

Die gejaag van die onderwysberoep is uitputtend. Daar is net altyd iets wat gedoen moet word. Sy sien dus uit daarna om rustiger te lewe en te lees net wanneer sy wil. Sy en haar man wil beslis saam met vriende die land gaan verken en vir langer tye in Amerika by haar dogter kuier. Sy wil ook tyd maak om nuwe dinge te probeer - soos gholf speel - en ook beter te leer hekel.

Haar wens vir die skool is dat alle leerders goeie maniere sal ontwikkel, dat almal netjies sal wees en dat hulle altyd net hulle beste sal doen. Vir die opvoeders wens sy dat die admin al hoe minder sal word sodat hulle kan fokus op goeie onderrig in die klas.

Eda Visser sal beslis 'n groot leemte in die harte van ons Brakkies nalaat. Die gang daar by k. 112 gaan nie meer dieselfde wees nie…

Edna Brandt

ONS BRAND(T) 'n KERSIE VIR EDNA.

Dis met 'n swaar hart wat ons hierdie kwartaal moes afskeid neem van ons geliefde Edna Brandt. Sy is na 'n lang siekbed oorlede.

Edna was vir meer as 15 jaar een van die staatmaker werkers wat gesorg het dat die skool altyd skoon is. Sy was 'n voorvatter en 'n raakvatter. 'n Mens kon altyd op haar knoppie druk om te sorg dat alles reg is vir funksies en eksamens, klaskamers netjies versorg is - haar hande het letterlik vir niks verkeerd gestaan nie.

Die kinders het vir tannie Edna geken – en haar ook baie geniet! Sy het nie geskroom om die kinders se koppe te was as hul laat is vir klas nie. Sy het ook haar sê gesê as die kinders hul nie by die snoepierye kon gedra nie. Kinders sou haar beskryf as die vuurvretertjie met die hart van goud. Sy was selfs braaf genoeg om die onderwysers – selfs die hoof – aan te spreek, sou hulle dit waag om 'n vuil koppie in die klas of kantoor iewers te los.

Sy het gesorg dat daar na haar werkers gekyk word. Sy het ook nooit nee gesê om 'n pot sop te kook om 'n geldjie vir die ondersteuningsdienste in te samel nie.

Sy het hierdie skool soos die palm van haar hand geken. Dit was haar tweede huis waarvoor sy baie lief was.

Edna was nie net 'n werker by ons skool nie, sy was hart en siel deel van die Brakkie-familie. Ons gaan haar pittige kwinkslae en byname vir almal mis. Haar nagedagtenis sal altyd deel van die Brackenfell-storie wees.

Ons innige simpatie gaan ook uit na haar gesin en familie vir wie sy so ontsaglik lief was.

MEET OUR NEW LEARNER ADMINISTRATION STAFF

Ms Candice Cloete started working at Brackenfell High School on 1 December 2020 as an Administrative Assistant. She was appointed as Administrative Clerk (Cemis and Learner Affairs) in October 2023.

Ms Cloete is from Kraaifontein and matriculated at Bernadino Heights High School in 2014. After she matriculated she received an internship from Western Cape Education Department as an assistant at Northpine Technical High School. She studied Early Childhood Development in 2018 and 2019 and in July 2019 Ms Cloete started working as a creche educator.

In December 2020 she got the opportunity to start her career at Brackenfell High School as an administrative assistant.

She decided to work at Brackenfell High School because she wanted to make a positive impact on every student as well as her colleagues. With her hard work and dedication, she has quickly established herself as a valued member of the Brakkie family.

In her free time, she likes to watch a good movie and spend time with her family.

Mr Andrew Edwards started working at Brackenfell High School on the 1st of October 2023 as an Administrative Assistant where his main task is to assist the learner administrative and financial staff.

He is originally from Durban but has been in Cape Town for 9 years.

He studied at Northlink College and got an internship at Brackenfell High School for a few months in 2021. "I grew to love the school and formed good relationships with my co-workers. It was one of the healthiest work environments I have experienced and I knew I wanted to be part of the great team at Brackenfell High School".

In his free time, he likes to hike, read and explore outdoor activities.

Matriek
2023


Matriek
2023

Matriek
2023

Matriek
2023

Matriek
2023

Matriek
2023